Sake

Min bestee aan medies
'n Studie het gewys dat arm huishoudings baie min aan enige mediese koste bestee.

Vind huispryse hier
Wil jy koop, verkoop, bel? Kyk hier watter pryse huise in die area behaal.

Entrepreneur:
Blink gedagte kan gou verdof as geld-duwweltjies steek

30/05/2005 19:57 - (SA)

Druk artikel | E-pos storie aan 'n vriend

André Janse van Vuuren

Kreatiwiteit en innoverende denke is nodig wanneer 'n mens met intellektuele eiendom wil sake doen - nie net om gestalte aan jou uitvinding te gee nie, maar ook om 'n kommersiële sukses daarvan te maak.

Só vertel die Kotzé-familie van Mtunzini, buite Richardsbaai aan die KwaZulu-Natalse Noordkus, oor Cerdak, hul wondsorgprodukte-maatskappy wat in 2000 tot stand gekom het.

Dié produk maak gebruik van mikroporeuse keramiek om chroniese wonde te behandel en te genees.

"Keramiek vorm een van die pilare waarop die tegnotroniese era rus en een van die veld se fokuspunte is hoe mikroporeuse materiale in verskillende areas aangewend kan word," verduidelik mnr. Cobus Kotzé, besturende direkteur.

Nie-genesende wonde

"Een van die mees onlangse ontwikkelings in die gebruik daarvan is om chroniese en nie-genesende wonde daarmee te behandel."

Volgens Kotzé se pa, Dirk, neem dié tipe wonde wêreldwyd toe soos wat die bevolking meer verouderd raak. Só is die ontwikkeling van bedsere onder bejaardes wat in hospitale opgeneem word, as 'n groot probleem in Duitsland gë? dentifiseer.

Die ontwikkeling van Cerdak se produkte het begin nadat 'n vorige onderneming van die familie, Dakot, 'n proses ontdek het om unieke keramiek met besondere fyn porieë te vervaardig.

Wondvog beheer

Dirk, wat toe reeds 'n intellektuele eiendomsportefeulje van 20 patente gehad het, het gemeen dat die fyn po riestruktuur van die keramiek gebruik sou kon word om wondvog te beheer.

Die vermoede is deur dr. Ernst Eiselen, 'n algemene praktisyn op Mtunzini, bevestig, waarna die partye koppe bymekaar gesit het om dié mikroporeuse keramiek in 'n nuwe gevorderde wondsorgproduk te omskep.

Toetse het in 1998 begin, en na verfyning is dit wêreldwyd gepatenteer.

"Die ultrafyn porieë van die keramiek oefen 'n sterk suigkrag uit wanneer dit met wondvog in aanraking kom," verduidelik Cobus oor hoe die produk werk.

"Omdat die wondvog vinnig verwyder word, word kontak met die vog in die wondbed verbreek en word die absor psieproses onderbreek. Soos die liggaam meer wondvog vrystel, herhaal die proses hom en verseker dit dat net 'n klein hoeveelheid vars wondvog op die wondbed teenwoordig is."

Vinniger, beter herstel

Vind jou ou skoolvriende

Kies jou skool se provinsie

Kies

en klik op die eerste letter van jou skool

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

ONS BEVEEL AAN

Vir die kerskous
Kyk hier na kalahari.net se topverkopende boeke vir sakelui.

Sake
• SA tjekrekening baie rooi
• Opul-produksie kan nog 'n tyd selfde bly
• Oues vat goudreus hof toe

Beeld
• 'Dok op vir petrol-chaos'
• Twee kon trane nie keer toe hulle babalykie onder bos kry
• Bende rowers maai pa by Kersboom af

Die Burger
• Betaal motoriste terug!
• Engelbrechts pak mekaar agter toe

Volgens dr. Thomas Kluyts, van die departement huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria, is dié unieke eenrigtingvloei van wondvog waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat wondvog nie in die wondbed stagneer nie. Dit lei tot vinniger en beter herstel.

Hy sê dié keramiek se eienskappe stimuleer selfs die herskeppende eienskappe van die vel, wat maak dat dit volkome herstel - sonder letsels of swak punte - 'n verskynsel wat tot dusver nie in wondsorg-tegnologie bereik is nie.

Toe die maatskappy in 2001 gereed was om die mark met hul produk te betree, moes hulle tree vir tree alles oor die kommersialisering daarvan vir hulself uitpluis.
"Dit was 'n groot leerproses," vertel Cobus se broer, Manie. "Ons moes eers vasstel wie is ons mark en wat hulle van wondsorgprodukte wil hê."

Só het Cerdak uitgevind dat hulle nie 'n tender kan indien nie, bloot omdat hul soort produk nie op tendervorms geklassifiseer is nie.

Hulle het ook agtergekom dat mense opgelei sal moet word om die produk te gebruik en het uiteindelik 28 vorms van die produk vir verskillende toepassings ontwikkel.

Die maatskappy het intussen veral internasionaal aandag gekry en is onlangs na die raadgewende paneel vir druksere in Europa genooi .

Uitvoer na Europa, Australië

Die produk self word onder meer na Europa en Australië uitgevoer.

Tog vertel Cobus dat die onderneming 'n opdraande stryd gevoer het om hul idee te kommersialiseer.

" 'n Onderneming wat op intellektuele eiendom gebou word, belê hoofsaaklik in nie-tasbare bates soos navorsing, produkontwikkeling, internasionale patentkostes en bemarking," sê hy.

Volgens hom is intellektuele eiendom 'n nie-tasbare bate waaraan banke nie 'n likwidasiewaarde sal heg sonder dat die eienaar 'n bewese inkomstegeskiedenis daarmee het nie.

"Selfs by ontwikkelingsbanke soos die IDC (Industrial Development Corporation) waar meer inherente risiko's aanvaar word, weeg finansiële verhouding swaarder as rede," sê hy.

Volgens Cobus het die IDC 'n aansoek van R2,7 miljoen van die hand gewys, maar het wél belang gestel om 'n aansoek van R3,7 miljoen - wat uit die eerste aansoek plus 'n eiendom van R1 miljoen bestaan het - te oorweeg.

Waagkapitaal-kultuur

Cobus meen dat Suid-Afrika nie 'n ge vestigde waagkapitaal-kultuur het nie. Hy sê ook dat SEB-beleggers skynbaar eerder op die uitkyk is vir beleggings met versekerde en bepaalbare opbrengste.

Cerdak het uiteindelik 250 private aandele uitgereik, waarvan 51% deur die Kotzé-familie gehou word, 40% deur die Eiselens en die res deur ander dokters.

"Ons soeke na geld het dit vir my duidelik gemaak dat baie goeie idees en tegnologie nie tot hulle reg in Suid-Afrika kom nie," sê Cobus. "Na my mening kort daar 'n klemverskuiwing van innovasie na die onderhoud en kommersialisering van tegnologie."

hofdeure
- Schuster se wins meer as Potter s h

Volksblad

- Vergoed motoriste '
- Verdagte skieter sê glo hy is Satan
- Kby se feesliggies wil toe nie brand

Sake

-- Top stories in this category --

Private Property Sales
The only totally DIY Private Sales Property Marketing web site in SA.
www.ucando.co.za
Ads by Google Advertise on this site

Terug na bo

Kontak ons | Omtrent Sake | Adverteer by ons | Sake navrae